

Die invloed van korrektiewe paring op seleksie

Deur dr Helena Theron

Gevestigde telers sal dikwels nie 'n bul koop sonder om die bul se moeder ook te bestudeer nie, aangesien 'n mens nie kan verwag dat 'n bul met 'n swak moeder goeie dogters sal teel nie. Hierdie beginsel maak sin en het ook 'n genetiese onderbou.

Telers het soms 'n koei met swakkerige eienskappe of teelwaardes, maar omdat sy elke jaar kalf, bly sy in die kudde. Deur haar sogenaamd korrektief te paar – met ander woorde om 'n bul uit te soek wat uitstekend is in die eienskappe waarin sy swak is – kan sy 'n beter kalf teel. Die kalf sal teoreties gemiddeld tussen die ouers wees en sodoende sal sy dan kalwers teel wat beter as sy is. Hierdie stelsel werk baie goed vir die meeste eienskappe, soos groei en bouvorm. Sy kan dan vervang word deur 'n dogter wat beter as sy is, en so word die kudde geneties verbeter.


Telers moet egter bedag wees op die effek van korrektiewe paring, en dat dit met groot omsigtigheid gebruik moet word by die teel van bulle. Met korrektiewe paring verskil die bul en 'n koei se teelwaardes baie, wat beteken daar is 'n groter kans dat die kalf se teelwaarde sal afwyk van die midouer

waarde (*Figuur 1*). Gestel 'n koei met 'n EBVi (teelwaarde-indeks) vir melk van 80, word korrektief gepaar met 'n bul met 'n EBVi van 120 vir melk. Aanvanklik sal die kalf 'n midouerteelwaarde ontvang, dus 100. Indien dit 'n bulkalf is, sal 'n koper aanvaar hy koop 'n bul met 'n gemiddelde melkteelwaarde. In werklikheid is daar egter, weens die korrektiewe paring, baie variasie in die bul ingeteel. Die klokvormige verspreiding is dus plat, met 'n groter kans vir nageslag verder vanaf die gemiddeld.

Verder kom data van sy dogters wat kalf redelik drupsgewys in (een of twee per jaar), in teenstelling met speenteelwaardes, waar 'n redelike groepie gelyk inkom en die speenteelwaarde dus redelik akkuraat op 'n jong ouderdom bepaal kan word.

Dus kom 'n wye verskeidenheid van dogters met meer en minder melk (weens die variasie wat hy teel) oor 'n lang tyd in, wat onstabiliteit in die melkteelwaardes mag veroorsaak. Die kans dat 'n bul uit 'n korrektiewe paring vir melk baie variasie sal teel, met ander woorde dogters met minder en meer melk, is goed.

Figuur 1: Effek van korrektiewe paring.



Die RPO – vir produsente, deur produsente



☎ 012 349 1102

✉ corine@rpo.co.za

🌐 www.rpo.co.za

RPO

Rooivleisprodusente
Organisasie

As suksesvolle telers se raad egter gevolg word en bulle geteel word uit die beste bul op die beste koei, dan in die kans om 'n goeie bul te teel heelwat groter. Indien die bul en die koei se teelwaardes naby mekaar is, is daar minder kans vir variasie in die nageslag (*Figuur 2*). Met so 'n paring kan beide ouers 'n sterk bydrae tot die kalf se genetika maak. Die klokvormige verspreiding is ook baie nouer; dus is die kans vir 'n gemiddelde kalf beter en vir 'n ekstreme kalf kleiner. Kortliks gestel: Jy is baie sekerder wat jy gaan kry.


Wanneer dan korrektiewe paring gebruik?

Korrektiewe paring is 'n uitstekende manier om die verskalwers van swakke koeie te verbeter, sodat hulle in die kudde opgeneem kan word. 'n Swakke koei het nie 'n groot effek in die kudde nie, omdat sy slegs een kalf per jaar het.

Wanneer om nie korrektiewe paring te gebruik nie

Koeie wat in sekere eienskappe swak is, veral melk en vrugbaarheid, se seuns behoort nie as teelbulle gebruik te word nie, omdat daar 'n kans is dat haar swakheid na haar seun oorgedra word. 'n Bul uit 'n korrektiewe paring vir byvoorbeeld melk, het 'n aanvaarbare teelwaarde terwyl hy jonk is en die teelwaarde grootliks op midouerwaarde beraam word.

Figuur 2: Effek van nabye teelwaardes in bulle en koeie.





*Die beste en veiligste manier om 'n bul te teel,
is deur net die beste koeie met die beste bulle te dek.*



Sodra sy dogters kalwers speen, kan bepaal word watter geenkomplement hy vanaf sy ouers gekry het. Indien hy na sy swakker ouer aard, is die skade in die kudde reeds gedoen – buiten dat sy dogters wat reeds gekalf het minder melk het, is daar moontlik reeds dragtige dogters en verskalwers in die kudde. Hoewel hy waarskynlik dogters sal teel met aanvaarbare melk, kan dit eers bepaal word as hulle hul kalwers gespeen het.

Die teler het dus minder opsies vir seleksie, juis omdat die bul nie teel soos verwag nie.

Daar is heelwat voorbeelde waar 'n bul uit 'n korrektiewe paring wel 'n midouerteelwaarde, of selfs 'n teelwaarde nader aan die beter ouer, ontvang het. Dit is egter veiliger om die risiko in ag te neem, sou die bul 'n swakker kombinasie van gene vanaf sy ouers ontvang.

Die beste en veiligste manier om 'n bul te teel, is deur net die beste koeie met die beste bulle te dek. Slegs uitgesoekte bulmoeders, soos verskeie ervare en gevestigde telers sal bevestig, is goed genoeg om bulle mee te teel.

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos aan helena@studbook.co.za

**AGRICULTURE
COMFORT &
SAFETY
SOLUTIONS.**

 **DUNLOP**
PROTECTIVE FOOTWEAR

DUNLOP. CARE BEYOND SAFETY.

Cois Viljoen
082 805 0405
cois@dunlopboots.africa
www.dunlopboots.africa

